Solidariteit Helpende Hand

Verkorte CV van Danie Brink

Danie is gebore op Steynsrus en het sy kinderjare op ’n plaas in die Noord-Vrystaat deurgebring. Hy was vir 12 jaar op skool en in die koshuis op Steynsrus. Na sy twee weermagjare verwerf hy in 1993 ’n B. Com Aktuariële Wetenskappe-graad en H.O.D. aan die Universiteit van Pretoria.

Danie verwerf in 1998 ’n Meestersgraad in Kurrikulum en Instruksie aan die Radford Universiteit, Virginia en in 2007 ’n Doktorsgraad in Wiskunde Onderwys aan die Universiteit van Georgia in die VSA.

Danie was vir 11 jaar wiskunde-onderwyser en departementshoof van wiskunde by Pretoria Boys’ High School, vir 2 jaar adjunkhoof by die Windhoek Afrikaanse Privaatskool en vir 2 jaar skoolhoof by die Keetmanshoop Privaatskool in Namibië.

Danie was vroeër die Uitvoerende Hoof van die FAK en is tans die Uitvoerende Direkteur van Solidariteit Helpende Hand, ’n gemeenskapsorganisasie met 165 takke, 61 voltydse werknemers en meer as 38 000 lede. Hy dien tans in die direksie van Maroela Media.

Danie is getroud met Lise, ’n fisioterapeut, en het 3 kinders tussen die ouderdomme 3 en 15 jaar. Hy geniet pad- en veldwedlope en speel graag gholf. Hy is baie lief vir rugby, ondersteun die Cheetahs en het vir 19 jaar lank rugby afgerig, onder andere die universiteitspanne van beide universiteite waar hy in die VSA studeer het.